Let's Talk Facts
"Truth based on reliable information"
Christian Democratic Party: headoffice@cdp.org.za

Facebook: https://www.facebook.com/cdpsouthafrica
Webblad: http://www.cdp.org.za

Teken in vir ons EPOS (gratis)
http://cdp.org.za/subscribe.htm

9 Januarie 2021

AFRIKAANS

God se Mense in Gedrang

Om te beweer dat ek teleurgesteld was dat Donald J Trump nie na sy amp kon terugkeer nie, sal dit te lig stel. Ek was nie net teleurgesteld nie, maar ek is diep bekommerd. Om te sê dat dit onverwags was is egter ook nie die waarheid nie. Hoe dan so? Sou jy kon vra. Laat my toe om as volg te verduidelik. Tussen ouderdom agtien en vyf-en-twintig het ek in die VK gebly en gestudeer. Die sosialistiese arbeidersparty was toe aan bewind. Hulle het rondgeskarrel om 'n ekonomiese krisis, deur hulself geskep, te probeer aanspreek. Wetende dat kommunisme verantwoordelik was vir gruwelike menseregteskendings in Rusland, China en elders, en wetende dat talle in die Arbeidersparty regering ver linkse simpatiseerders was het my onveranderlik in die Konserwatiewe-Kapitalistiese gietstuk gevorm. Alle vooruitgang wat die lewens van gewone burgers wêreldwyd bevorder is danksy hierdie twee waardestelsels. Die feit dat Kapitalistiese waardes onder verdenking gekom het, is as gevolg van Rusland, China en die Een Wêreld Geldmagten, wat dit by hulle sosialistiese stelsel van tirannie en magsbeheptheid ingelyf het. Desnieteenstaande raak dit nie die talle postiewe resultate van Kapitalisme gekoppel met Christen waardes nie; wat soveel bygedra het tot die mensdom se vindingrykheid. Wat buitengewone wetenskaplike en tegnologiese vooruitgang, bewerkstellig het, waarvan meeste positiewe invloed meergebring het in die lewens van miljoene gewone mense op feitlik alle lewensterreine.

Maar ek dwaal af. Kerry het vanaf die VSA na die VK verhuis waar ons ontmoet het, en na drie maande is ons getroud. Dit is moontlik die rede waarom ons nadat ons terug ge keer het na Suid Afrika, ons nie net belangstelling behou het nie, maar ons betrokke gemaak het by die meer belangrike politieke vraagstukke van daardie twee lande. Dit het so gebeur dat twee van die groot gevalle in 2016 tevoorskyn gekom het. Een geval in Britanje op die 23ste Junie 2016 en die ander in die VSA op 8ste November 2016. Die Britse volk sou d.m.v. 'n referendum moes besluit om in die Europese Unie te bly of om te onttrek; die VSA sou 'n nuwe Staatspresident kies.

Tydens January 2016, het ek God twee vrae gevra: Wat behoort ek te bid betreffende die VK referendum en vir wie moet ek bid betreffende die VSA se verkiessingsveldtog? Ek het dadelik 'n antwoord ontvang. Bid vir Brexit en bid vir Trump. Ek het dit met familie en kerklidmate gedeel en ons het beide onderwerpe in gebed voorgehou. Ons weet hoe daardie dinge verloop het. Ten spyte van opinie-opnames en verwagtings tot die teendeel het die VK vir Brexit gestem en die VSA vir Trump.

In January 2020, bewus daarvan dat dit weer verkiessingsjaar in die VSA is, het ek weer van God gevra of ek vir Trump moes bid. In my opinie en met inagneming van Trump se prestasies tot op daardie tydstip - hoogste ekonomiese groei in die wêreld, laagste werkloosheidsyfer ooit, beheer van

onwettige immigrasie, eliminering van terroristebedreiging van Isis, verhoging van tariewe teen China vir onregverdige handelspraktyke, die erkenning van Jerusalem as Israel se hoofstad en die verskuiwing van die VSA ambassade na Jerusalem, bevordering van godsdiensvryheid (veral die Christendom), die afweer van oorlog met Noord Korea, om enkele hoogtepunte te noem – was ek oortuig dat Trump weer verkies sou word. Die antwoord wat ek ontvang het was onverwags. Absolute stilte. Nie 'n woord nie. Behalwe vir 'n hol gevoel op my maag amper tot die punt van naarheid. Onseker oor wat ek hieromtrent moes doen, het ek die gewaarwording met diegene naaste aan my gedeel. Hulle reaksie was dat ons moet aanhou bid daaroor. Iets wat ek as uitgesproke ondersteuner van Trump wel persoonlik aangehou doen het.

Toe verskyn die CORONA19 virus, met al die kenmerke van biologiese oorlogvoering. Die verwikkeling het veroorsaak dat al die positiewe prestasies van Trump weggesyfer het en vet op die vuur van sy teenstaanders was. Nadat daar nie geslaag kon word met bewerings van Rusiesse medepligtigheid of die fabrikasies van die "impeachment" fiasko nie, is die blaam vir sterftesyfers a.g.v. die Chinese virus vierkantig voor Trump se deur gelê. Ondersteun deur Vals Nuus is dié leuens tot in die huise van onnadenkende VSA kiesers gedryf, wat oor 'n lang periode van breinspoeling gekondisioneer is om LEUENS as waarheid te glo en om WAARHEID as leuens te verwerp. Nou, na 'n VSA verkiesing, deurspek met bedrog en as resultaat van 'n onderduimse plan gesmee in donker gange van misleiding, is die korrupte Joe Biden - wat in 'n gevorderde stadium van dementia verkeer – aangewys as die 46ste president van die VSA.

Omdat ek altyd al my gebede bid in die gees van "laat U wil geskied" het ek God se aangesig gesoek vir 'n verduideliking. Ek is herhinder aan iets wat ek eens op 'n tyd gehoor het. Ek weet dit is al wyd aangehaal maar het nie geweet wie die oorspronklike outeur van die gesegde is nie. Ek weet daarom ook nie wat die omstandighede is waaronder die gesegde ontstaan het nie, maar ek haal dit aan: " As God Amerkia nie veroordeel nie sal Hy verskoning moet maak aan Sodom and Gomorra."

Matteus 11:23. "En jy, Kapernaum, dink jy jy sal tot die hemel toe verhoog word? Nee, jy sal tot in die doderyk afdaal. As in Sodom die wonderdade plaasgevind het wat in jou plaasgevind het, sou hy tot vandag toe nog bly staan het."

God het histories baie seëninge op 'n Christelike Amerika laat neerdaal, sodat díe land die grootste nasie op aarde kon word. Hulle het egter hulle rug op God gekeer en het oor jare 'n nasie geword wat besmet is met menige immorele en onskriftuurlike gebruike. Liberale linkse fasiste het oor baie jare allerlei wette goedgekeur, met die sogenaamde Conservatiewe Rino Republicans wat dit alles voortgesit het, en wat die VSA teenstrydig met God se gebod gelaat het. Voorbeelde van aborsie, en dieselfde-geslag-huwelike is slegs twee van talle. Dit moet vir mense van God met onderskeidingsvermoë baie opvallend wees dat dit nou net soos in die dae voor die sondevloed is, "Toe die Here sien dat die boosheid van die mens op die aarde groot was en al die versinsels wat hy in sy hart bedink, altyddeur net sleg was…"

Jy mag moontlik sê dat daar nasies is wat net so vervalle is, of selfs meer, as die VSA. Dit is waar maar hulle is nie deel van die belydende Protestante Nasies van die Weste, die sogenaamde "Christen Nasies" waaroor God sê "… Oordeel begin in die Huis van die HERE", en dan bedoel Hy dit. Maar Hy het my herhinder daaraan dat waar Sy oordeel vir die heidennasie, wat Hom nog altyd verwerp het, tot vernietiging is, is Sy oordeel oor "Christen Nasies" van die Weste nie ter vernietiging nie maar ter korreksie. "….want as u oordele op die aarde is, leer de inwoners van die wêreld geregtigheid." Beteken die frase "van die wêreld" dat alle mense geraak word? Is dit nie eerder van toepassing op diegene wat in tye van lewensgevaar geleer het om uitteroep, "HERE (Yahweh), red ons", nie?

In die verlede toe die kinders van God in groot gevaar was het hulle uitgeroep, O HERE (Yahweh) die God (Elohim) van Abraham, Isak en Jakob hoor ons waar ons U Naam aanroep. In Eksodus 2:23-24 lees ons: " en in daardie lang tyd het die koning van Egipte gesterwe. En die kinders van Israel het gesug en geweeklaag vanweë die slawerny. En hulle geroep om hulp oor hulle slawerny het opgeklim tot God. En God het hulle gekerm gehoor, en God het gedink aan sy **verbond met Abraham, met Isak en met Jakob.**" Met ander woorde, hierdie vervalle Israeliete – wat onder die druk van hulle Egiptiese slawemeesters amper hulle identiteit as gelowiges van Yahweh verloor het, het weer tot Hom terug gekeer - in die uur van hulle nood. Nie een keer lees ons dat die Egiptenare na God geroep het toe die oordeel van God in die vorm van die Tien Plae oor hule gekom het nie. Waarom? Want hulle het geen kennis van God gehad nie en as hulle gebid het, sou hulle na hulle songod Ra gedraai het.

Wanneer die oordeel van God nou vorentoe die VSA as die mees "Christlike nasie", tussen al die Christen nasies; naas Suid-Afrika, sal tref, wat sal die einde van daardie nasies wat Hom eens gedien het maar die rug op God gedraai het, wees?

In Trump, 'n mees onwaarskynlike kruik, het God aan die VSA 'n geleentheid gegee om na Hom terug te draai en Hom eer te bring. In Biden het God die VSA getoets om te sien hoe ver die mense toegelaat het om deur die Nuwe Orde politiek meegvoer te word. Psalm 12:9 stel dit op die man-af:
"Die goddelose draf rond as laagheid die oorhand kry by die mensekinders."

Ds Theunis Botha DD
Leier – Christen Demokraties Party (CDP)